

DIE PERMANENTE KRISIS IN DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIEDIENS

Deur me Phephelaphi Dube: Direkteur, Sentrum vir Grondwetlike Regte

Waarnemende Polisiekommissaris, Khomotso Phahlane, is die onderwerp van 'n ondersoek deur die Onafhanklike Polisieondersoekdirektoraat (OPOD) na bewerings van korrupsie wat spruit uit die tyd toe hy die hoof van forensiese dienste was. Nie net word hy vir korrupsie ondersoek nie, maar hy word ook daarvan beskuldig van dwarsboming van die gereg, nadat hy na bewering getuies gekontak het wat deel was van die ondersoek na die bewerings oor korrupsie.

Hou in gedagte dat hy in die posisie waarneem omdat die Nasionale Polisiekommissaris, Riah Phiyega, tans geskors is terwyl sy na bewering appelleer teen die Claassen-kommissie van ondersoek se bevindings dat sy nie geskik is om haar amp te beklee ten opsigte van haar optrede in die Marikana-slagting nie. Haar voorganger, Bheki Cele, het ook die pos verlaat oor bewerings van wanadministrasie en wangedrag betreffende die huur van 'n nuwe gebou vir die hoofkwartiere van die polisie. Jackie Selebi se tyd aan die stuur van sake het uiteindelik gelei tot sy gevangenisstraf weens korrupsie, en hy is miskien beter bekend vir sy goed gepubliseerde vriendskap met bekende figure van die onderwêreld.

Hierdie oënskynlike krisis in leierskap ondermyn die andersins hardwerkende personeel in die range van die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) met betrekking tot die voldoening aan hul grondwetlike verpligtinge om die veiligheid en sekuriteit van Suid-Afrikaners te verseker. Ander navorsing dui op lae moraal, as gevolg van swak leierskap, wat op sy beurt die vermoë van die SAPD raak om sy grondwetlike verpligtinge uit te voer. Gegewe die nasie se onverbiddelike hoë misdaadsyfers, is daar 'n dringende behoefte om ferm, beslissende leierskap wat gegrond is op integriteit en respek vir die Grondwet.

Die *Wet op die SAPD* is onvoldoende om te verseker dat slegs die beste mense vir leierskap in die SAPD aangewys word, aangesien dit nie duidelike kriteria daarstel met betrekking tot die aanstelling van 'n Nasionale Kommissaris nie. Dit is miskien die ideale geleentheid vir 'n wysiging aan die *Wet op die SAPD* om te verseker dat gekwalifiseerde persone met integriteit die organisasie lei.